# Afrikaans

## WEEK 7
## MAANDAG

## Graad 5

Bron: Via Arika

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AFRIKAANS: WEEK 6 25-29 MEI 2020


LAERSKOOL MIKRO




# LUISTERBEGRIP:

- Luister **aandagtig** na die storie,Towerklanke, wat gelees gaan word.





# LUISTERBEGRIP:



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Beantwoord die volgende vrae in jou skryfboek.

1 Wat was die baie mooi land se naam eers?

2 Wat het Sandi eerste gedoen nadat hy sy rietfluit gemaak het?

3 Wat het gebeur nadat hy begin speel het?

4 Wat het derde en vierde gebeur?

5 Hoe sou jy voel as jy in 'n land sonder klanke moes woon?

6 Wat is jou mening oor klank en geluide?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

1 Land-sonder-klank
2 Hy het deur die land gestap en op sy fluit gespeel.
3 Alles in Land-sonder-klank het geluister na die mooi klanke.
4 Teen die aand het Sandi gaan slaap.
5 Leerder druk eie gevoel uit.
6 Leerder se eie mening.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SPEL


Vul **ui**, **ei**, en **y** in die oop spasies in sodat die volgende woorde korrek gespel is.

room_s; fl_t; vl_s; _skas; kl_n; h_s; d_m; _na; h_

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

1) roomys
2) fluit
3) vleis
4) yskas
5) klein
6) huis
7) duim
8) eina
9) hy



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER: Homonieme

**Homonieme** is woorde wat eenders lyk, maar verskillende betekenisse het, bv. weer (*again*) en weer (*weather*). Lees die onderstaande sinne.

1. Hy speel weer op sy fluit.
2. Verlede week het ons koue weer gehad.

**Maak sinne met die volgende homonieme sodat die betekenis duidelik is:**

sy (*her/*) – sy (*silk*); arm; (*arm*) –rm (*poor*); leer (*study*) –leer (*ladder*); lam (*lame*) – lam (*lamb*)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Homofone


**Homofone** is woorde wat eenders klink, maar verskillende betekenisse het en verskillend gespel word, bv. Ons tref reëlings vir ons vakansie. My ouma moet aan die reling vashou om die trappe op te klim.

## Maak sinne met die volgende homofone sodat die betekenis duidelik is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **a** eet (*eat*) | **b** eed (*a pledge*) | **c** noot (*note*) | **d** nood (*need; distress*) |
| **a** maar (*but*) | **b** maer (*thin*) | **c** ryk (*rich*) | **d** reik (*reach*) |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# LEES EN PRAAT: Lees die storie 3 keer hardop en vertel dit dan vir jou sussie of boetie.



**Towerklanke**

Lank, lank gelede was daar 'n baie mooi land sonder geluide. Hierdie land se naam was Land-sonder-klank.

Hier het die water oor die klippe gespoel sonder om te kabbel. Die wind het in die blare geroer sonder om te ritsel. Die reën het geval sonder om te ruis. Die voëls kon nie sing nie. Alles was doodstil.

Op 'n dag het 'n seun genaamd Sandi in Land-sonder-klank aangekom. Hy was verbaas dat dit so tjoepstil was. Toe sny hy 'n riet en maak 'n fluit. Hy het deur die land gestap en op sy fluit gespeel

Vir die water het hy note gespeel wat borrel en plons en drup. Vir die wind het hy gespeel met klanke wat kla en kerm. Vir die voëls was sy lied helder en rond en vol. Sover soos Sandi gestap het, het die lied van sy fluit geklink. Alles in die Land-sonder-klank het geluister na die mooi klanke.

Die aand het Sandi gaan slaap, maar die volgende oggend vroeg het hy weer op sy fluit begin speel. Skielik het daar 'n koor van mooi klanke opgeklink. Die voëls het elkeen hulle eie lied gesing en die water het oor die ronde klippe gekabbel en die wind het saggies deur die hoë bome gesuis. Dansi was tevrede oor hierdie nuwe land: Land-van-klank.

SHOZOLOZA *LEERDERBOEK GR 5 EAT*, UITGEWER, JAARTAL.

Laerskool Mikro Kopiereg ©